# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186


2 Februarie 2024

Geagte Ouers/Voogde

## NUUSBRIEF 4/2024

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**PARKERING**

As hoof van Laerskool Villieria, vra ek asseblief elke ouer/voog se volgehoue samewerking met die volgende. Ek het verskeie klagtes ontvang vanaf omliggende inwoners rakende ouers/voogde wat parkering aanbetref tydens af- en oplaai van leerders voor- en na skool, asook tydens byeenkomste en geleenthede by die skool. Kan ek van u vra om asseblief nie voor- of gedeeltelik voor mense se ingangshekke te parkeer nie. Mense wat dringend in- en uit hul erf moet ry, word dan verhinder om dit te doen of bemoeilik. Indien ‘n inwoner u vra om u voertuig te verwyder vanaf hul eiendom, respekteer dit asseblief en stop elders. Die skool streef nog altyd na ‘n goeie gesindheid teenoor ons inwoners.

**VOORTREKKERS**

Sien aangeheg volledige inligting rakende die 2024-Voortrekkerseisoen. HIerdie is ‘n buitemuurs wat nog aandag gee aan ‘n verskeidenheid waardes en vaardighede.

**KASKAR 2023**

Dit is met so effe rooi gesig wat hierdie hoof vandag erken, hoewel ons pryswenners al deurgegee het en pryse oorhandig het, het ons nooit die groter prentjie bekend gemaak nie.
Die Villiesbom het ‘n ongelooflike R177 000.00 met ons Kaskar geïn. Duisende dankies vir elke ouerhuis wat saam gespan het, en selfs bietjie finansieël gebloei het. Ons wag vir die regte geleentheid om ons leerders en personeel te beloon met ‘n roomysdag.

**WÊRELD HARDOP LEESDAG**

Eerskomende Woensdag, 7 Februarie 2024 is Wêreldwye Hardop Leesdag. Kom ons almal, tuis en skool, spandeer bietjie tyd aan ons leerders om hulle weereens bewus te maak van die belangrikste faset van skool – **om te kan lees!!!**

**INFORMELE FONDSINSAMELINGS**

- **Pick ‘n Pay Waverley**
  Ek is supertrots en dankbaar, die Pick ‘n Pay Waverley sentrum 2023 kompetisie, is vir die soveelste keer deur die Villiesmasjien gewen. ‘n Volle R24 000.00 net omdat jyself, of iemand aangemoedig het om sy/haar strokies in te gooi.
  Met groot dank aan Pick ‘n Pay Waverley, ons sien met opgewondenheid uit na die nuwe/volgende kompetisie.

**GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (Veldskool)**

Alle graad 6- en 7-leerders het Dinsdag, 30 Januarie 2024 briewe ontvang rakende hul opvoedkundige toer gedurende Oktober 2024. Neem vroegtydig kennis van die betalingsopsies. Indien EFT-betalings, wees seker u maak gebruik van u familiekode en die woord "Veldskool" as verwysing. Skeurstrokies moet asseblief volledig ingevul en teruggestuur word voor/op Vrydag, 9 Februarie 2024.

**FOTO'S**

- **Individuele- en klasfoto's**
  Soos per Bylaag A aan elke ouer/voog, word alle graad R- tot 7-leerders se individuele- en klasfoto's geneem op Maandag, 5 Februarie 2024. Graad 1- tot 7-leerders moet asseblief netjies geklee wees in skoolklere en nie Villiesdrag nie.

- **Atletiekfoto**
  Die atletiekspan word ook afgeneem op Maandag, 5 Februarie 2024. Alle atlete wat aan die tuis byeenkoms deelgeneem het op Dinsdag, 30 Januarie 2024, moet hul Villiesdrag saambring vir die atletiekfoto. Atlete kom in hul skoolklere skool toe – hul gaan die Villiesdrag slegs aantrek vir die foto.

**SPORT**

- **Fietsry**
  Indien jy enigsins al die gevoel gekry het dat jy tog jou kind vir 'n slag van die rusbank af wil kry, hier is jou kans. Laerskool Villieria is geaffilieer by Gauteng-Noord Skole Fietsry.
  'n Laerskool Villieria gazebo sal sigbaar wees by die byeenkomste vir leerders en/of ouers wat navrae het of sommer net 'n draai daar wil maak.
  Vir alle fietsry navrae, kontak mnr. Dewald van der Merwe – 060 5199 342.
  Sien onderstaande advertensie vir alle nodige inligting om in te skryf vir die opkomende byeenkomste.

- **Rugby**
  - **Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)**
    Baie welkom by Laerskool Villieria se Bulletjierugby. Ons almal sien baie uit na die seisoen. Betaling vir die Bulletjieseisoen sal gehef word op die betrokke ouers/voogde se skoolgeldrekening. Alle betalings word slegs by die skool gedoen, of per EFT-betaling waarvan die verwysingsnommer as volg is: U familiekode met die word "Bul."

    Oefentye vir die komende week:

    | | |
    |---|---|
    | ✓ Maandag | 17:00 – 18:00 |
    | ✓ Woensdag | 17:00 – 18:00 |

  - **Seuns o/9 – o/13**
    Oefentye vir die komende week:

    | | | |
    |---|---|---|
    | ✓ o/9 en o/10 | 14:00 – 15:00 | Dinsdag |
    | ✓ o/11 – o/13 | 15:00 – 16:00 | Dinsdag |

- **Netbal**
  - **Mini-Netbal (Graad 1- tot 3-dogters)**
    Dogters ontvang Maandag, 5 Februarie 2024 'n toestemmingsbrief rakende deelname aan mini-netbal vir 2024. Skeurstrokies moet asseblief voor/op Vrydag, 9 Februarie 2024 teruggestuur word.

  - **Dogters o/10 – o/13**
    Oefentye vir die komende week:

    | | |
    |---|---|
    | ✓ Dinsdag | 14:00 – 15:00 |

    Let wel: Oefening is vir die 25 dogters per ouderdomsgroep wie se name op die lyste was.

- **<u>Atletiek</u>**
  Die volgende byeenkoms vind plaas by Laerskool Pretoria-Oos op Donderdag, 8 Februarie 2024. Atlete wie deelneem sal 'n program ontvang en slegs hierdie atlete mag deelneem aan byeenkomste.
  In 'n poging om verlore klere te verminder, kan deelnemende atlete wat betrokke is by bogenoemde byeenkoms, Dinsdag met hul Villiesklere skool toe kom. Atlete wie in ski-pants deelneem, trek die ski-pants eers aan wanneer hul gaan deelneem, en nie gedurende die skooldag nie.
  Atlete moet asseblief by die oefeninge uitkom. Geen persoon mag by die skool afrig terwyl die skool se onderwysers besig is om af te rig nie. Atlete wie privaat afrigting kry, hoef nie by die skool se oefeninge aan te sluit nie.
  <u>Atlete neem deel in die volgende drag alleenlik:</u>
  ✓ Villiesdrag, of
  ✓ Afmou villieshemp, of
  ✓ Villies ski-pant (beskikbaar by Villies-klerehub).

  <u>Oefentye vir die komende week:</u>

| DAG | TYD | o/7 – o/9 | o/10 | o/11 | o/12 | o/13 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 13:45 – 14:30 | Naelope | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring | Naelope en Middelafstande |
| | 14:30 – 15:15 | o/9 Middelafstande | Verspring | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring |
| | 15:15 – 16:00 | | | | Diskus / Spiesgooi | Spiesgooi / Diskus |
| Woensdag | 13:45 – 14:30 | Naelope | Hoogspring | Verspring | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot |
| | 14:30 – 15:15 | o/9 Middelafstande | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring |
| | 15:15 – 16:00 | | | | Diskus / Spiesgooi | Spiesgooi / Diskus |

- **<u>Hekkies (Afrigting)</u>**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 082 820 1989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

## <u>HERHALENDE BOODSKAPPE</u>

### <u>SPORT</u>

- **<u>Krieket Toerdatums (o/9A – o/13A)</u>**
  Net die volgende vir kennisname. Volledige inligting nader aan die tyd.
  ✓ 17 – 20 Junie 2024 o/9A, o/10A, o/11A
  ✓ 24 – 27 Junie 2024 o/12A, o/13A

### <u>OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN</u>

Ons vra vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid. Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat. Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie. Ingang by die kantoorhek is beskikbaar Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).

### <u>LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD</u>

Toegang tot Laerskool Villieria se Facebookblad is SLEGS vir huidige ouers/voogde van ons skool bedoel. Indien u 'n Facebook "request" op Facebook stuur, maak seker u beantwoord alle vrae volledig asook u kind(ers) se volle naam en van.

**FINANSIES**

- **Onderriggelde**
  As mens oor onderriggeld praat, raak enkele mense soms ongemaklik, ***MAAR*** hierdie is die jaar wat hierdie hoof opnuut uit sy hart vra, sien asseblief die noodsaaklikheid raak om jou kind(ers) se onderriggeld te betaal. Jou skool het die afgelope jaar of twee besondere maatreëls in plek gestel om kwaliteit onderrig te verseker, asook om geboue en terrein in 'n spogtoestand te hou. **EN ALLES KOM MET 'N PRYS.**

- **Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgeld en rekeningstate**
  - Rekeningstate is reeds per e-pos aan alle ouers/voogde uitgestuur. Indien u nie 'n e-pos ontvang nie, kontak asseblief die finansiële kantoor by finansies@laerskoolvillieria.co.za
  - Aansoekvorms vir vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde sal vanaf Woensdag, 24 Januarie 2024 per e-pos beskikbaar wees. Vorms word nie by die finansiële kantoor afgehaal of ingehandig nie, maar wel per e-pos gestuur. Indien u so 'n vorm verlang, e-pos asseblief mevrou Ida Roodt by laasgenoemde e-posadres.

**VERDAAGTYE**

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:

- Graad R – 2 13:00
- Graad 3 – 7 13:30

Indien daar 'n verandering aan 'n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

**BOUPROJEK**

Dis kwartaal een van 2024, en ons het kwartaal vier van 2023 en kwartaal een van 2024, geoormerk vir enige inisiatiewe, kontakte, asook kontantbydraes deur middel van ons Villies Boufondsvorms (koop-'n-steen, koop-'n-muur). Nuwe klasse moet aangebou word. Kontantbydraes en EFT-betalings vir die bouprojek word deur u kind se Villies Boufondsvorm gedoen en direk by die skool inbetaal.
Die redes vir ons genoemde Villies Bouprojek is om nuwe klasse aan te bou vir kwaliteit onderrig vir ons leerders:

- Graad 1 en 2 – Nou vyf klasse, waarvan een klas in ons buurkerkgebou gehuisves word;
- Graad 5 – Voogklas, asook Engels hou skool tans in die skoolsaal.

Kontak asseblief ons projekleier (ouer van die skool), meneer L.W. van der Merwe vir moontlike kontakte en/of inisiatiewe by lwvdmerwe@mediplanarch.co.za

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE***

# GAUTENG SCHOOLS CYCLING

## DATES 2024

### GAUTENG SCHOOL SERIES

| PRIMARY SCHOOLS | | |
|---|---|---|
| Event #1 | 24 February | Hazeldean Valley Farm |
| Skills #1 | 9 March | Grootfontein MTB Park |
| Skills #2 | 6 April | Hazeldean Valley Farm |
| Event #2 | 11 May | Prime View Adventure & Leisure |
| Event #3 | 1 June | Die Bosveld |
| Event #4 | 3 August | Steyn City |
| Event #5 | 24 August | Grootfontein MTB Park |
| Interprovincial | 19 October | Harrismith |

GAUTENG SCHOOLS CYCLING

FP FLUSH PLUMBERS
Est.2008

We are celebrating 16 years of service!

We offer a range of services:

- CONSTRUCTION PLUMBING
- NEW INSTALLATIONS
- SOLAR GEYSERS
- MAINTENANCE PLUMBING

For more information about our services, visit our website.

Derrick Reed
Certified Plumber | PIRB Registered
074 320 7194
Flush plumbers
www.flushplumbers.co.za
flush.plumbing@yahoo.com

Make sure to like and share our new Facebook page!


Die Voortrekkers
Die jeugorganisasie vir leierskapsontwikkeling vanaf graad R-12
AFRIKANERSKAP
BURGERSKAP
CHRISTENSKAP
DIENSBAARHEID
DIE VOORTREKKERS BIED:
# Kultuur in die natuur deur avontuur
# Blywende vriendskappe
# Wonderlike kampervarings
# Mentorskap
# Veilige spasie vir ontwikkeling
# Kundige volwasse leiding
# Gesonde kompetisie
# Onvergeetlike ervarings
# Meer as 200 spesialisasies (kortkursusse)
DIE VOORTREKKERS BEVORDER:
# Afrikaans
# Bybels-Christelike waardes
# Gemeenskapswaardes
# Nuttige lewensvaardighede
# Eiewaarde
# Spanwerk
# Dinamiese leierskap
# Positiewe burgerskap
# Liefde vir die natuur
DELTA Voortrekkers
Kontak ons gerus:
083 709 9588 / 082 507 2518- Corike Malan
Email : delta@voortrekkers.co.za
www.delta.voortrekkers.co.za
facebook: Die Voortrekkers: DELTA
Maandae 17:00-18:00
hou KOERS!


DELTA
VOORTREKKERS
DELTA OUERBRAAI
3 FEBRUARIE 2024
17:00
L/S QUEENSWOOD - BOMA/KLUBHUIS (PUXLEY STRAAT INGANG)
BRING EIE STOEL , PIEKNIEK MANDJIE MET EETGEREI, VLEIS EN DRINKGOED (PAP & SOUS WORD VOORSIEN)


Xperiland
verken • ontdek • geniet
Eksperimente vir Voorskoolse- of Laerskoolleerders.
Buitemuurse aktiwiteit of deel van die kurrikulum.
Wat bied ons nog?
Wetenskapvertonings as 'n instappie
Wetenskapdag by die skool
Onderwyseropleiding
Wetenskap-werksessies
Vakansieprogramme
Wetenskap partytjies
Thea Aucamp
0744764813
xperiland
.moot@gmail
.com
Nuwe dekade, nuwe dinge!


DELTA VOORTREKKERS
SATERDAG
3
FEBRUARIE '24
DELTA
VOORTREKKERS
PD AFSKOP 2024
Vaardigheids speletjies en skattejag - Nie traditionele boeresport nie. Ouers is welkom om saam te speel. Bring en braai na die tyd.
LAERSKOOL QUEENSWOOD (BOMA AREA) | 15 : 00
VERDERE INLIGTING SAL PER SPAN GEDEEL WORD

## Xperiland Klubgelde 2024

**Klubgelde per kind**
Klubgelde is **R3 900 per kind per jaar wat as een betaling, oor 4 betalings of oor 10 betalings afbetaal kan word.**
Indien u **een betaling vir die jaar** wil maak is daar afslag en is dit ‘n **eenmalige betaling van R3500 voor 31/03/2023.**
4 afbetalings per jaar sal R975 wees met laaste betaling aan die begin van die 4de kwartaal
10 afbetalings per jaar sal R390 wees met laaste betaling begin November
**Doen navraag vir ‘n spesiale prys vir meer as een kind per gesin**
**Verwysing: Skool: Voorletter,Van en Graad (VilLMSmit2)**

**ALGEMEEN**
Klasse begin **Februarie** en eindig **November**.
Daar word 34 lessies per jaar gedoen en dit kan vinniger of stadiger deurgewerk word n.a.v. die groep.
**Geen klasse tydens die skoolvakansie en op publieke vakansiedae nie.**
Indien u die aktiwiteit wil staak moet daar **skriftelik ‘n kwartaal vooruit kennis** gegee word, anders bly u verantwoordelik vir daardie kwartaal se klasgelde.
Indien ‘n kind ‘n les nie bywoon nie kan dit ongelukkig nie herhaal word nie.

**Handtekening:** ______________

**AANBIEDER:** **Thea Aucamp Sel 0744764813** xperiland.moot@gmail.com
**Bankbesonderhede:** Capitec, Spaar rek 1641463099, Takkode 470010
**NOTA:** Geen ontwrigtende gedrag sal in die klas toegelaat word nie.

**Stuur hierdie gedeelte terug per e-pos, hou die ander gedeelte vir verwysing deur die jaar. E-pos na** xperiland.moot@gmail.com
**Geen student word sonder hierdie getekende vorm in die klas toegelaat nie.**

**INFO:**
Naam van student: ____________________________________

Graad: ______ Verjaarsdag: ___________ Skool: ____________________

Naam van ouer / voog: ______________________________

Sel no: ______________________________

e-pos adres: ________________________________________
Alternatiewe nommer waar ons iemand kan kontak in geval van nood:______________

- Gee u toestemming dat fotos van u kind, wat besig is met eksperimente, op ons facebookblad, instagram asook ons webwerf geplaas kan word? _____________________
- Is daar enige allergieë (bv eierwit, jodium, bye ens) of toestande (bv epilepsie) waarvan ons bewus moet wees?

  ________________________________________________________

**Vrywaring**
Ek, ______________________________ ouer / voog van die bogenoemde student (e) vrywaar Xperiland van enige verlies of skade wat die student of ouer ly tydens die klas. Xperiland word gevrywaar wanneer die student nie in die klas is tydens die les nie asook wanneer die student die klas verlaat tydens die les. Indien daar skade deur 'n student tydens 'n les aan die betrokke klaskamer gedoen word, is daardie student se ouers / voogde verantwoordelik vir die skade.
Xperiland poog om alles moontlik te doen om die veiligheid van die student te verseker tydens die ordelike verloop van die klas. Om hierdie rede word ontwrigtende gedrag van die student nie toegelaat nie omdat hyself / syself asook die ander studente in gevaar gestel word.

Ons skryf in vanaf __________________ tot ___________________ 2024.

**Geteken te _____________________________op hierdie datum_____________.**

**Handtekening:** ________________________________________________
Xperiland onderneem om inligting wat hierbo verskaf word slegs aangewend sal word vir Xperiland bedrywighede.

# VILLIERIA LAERSKOOL

## TENNIS AFRIGTING (GROEP)

17 Januarie – 20 Maart 2024 (1ste Termyn)

Elke Woensdag middag

GR R – 13:00

GR 1 – 13:30

GR 2 – 14:00

GR 3 – 14:30

GR 4 – 7 15:00 MEISIES    GR 4 – 7 16:00 SEUNS

R60 per speler per ½ hr x 10 weke = R600

*R120 per speler per hr x 9 weke = R1 200*

Kwartaalikse betalings vooruit asb.

Skryf in p/whatsapp Cornelia 082-496-9878

Coach LOUIS 061-118-6567

